

TEENSPANNING




MAGALIES

RADIO-AMATEUR KLUB

September / Oktober 2011

Jaargang 48/nr. 1
Elektronies 46
Posbus 13653
Pretoria
0135



**Vir meer inligting besoek
ons webwerf by
www.zs6mrk.org**

VOORSITTER

Thys Maree ZS6MJM. 012-3321451;
082-5656087; mareemj@intekom.co.za

SEKRETARIS

Johann du Plessis ZS6PSS. 012-3321431;
082-4461581; telesat@cybersmart.co.za

TESOURIER

Louis Mitchell ZS6LWM. 082-5583817;
louis.mitchell@wol.co.za

WEBMEESTER

Thys Maree ZS6MJM. 012-3321451;
082-5656087; mareemj@intekom.co.za

TEGNIES E Koördineerder

Sam van Zyl ZS6JZ. 082-4472081;
samz6jz@gmail.com

JEUG Koördineerder

Johann du Plessis ZS6PSS. 012-3321431;
082-4461581; telesat@cybersmart.co.za

SKAKELBAMPTE

Chris Smit ZS6FCS. 12-3331826;
082-4641007; zs6fcs@telkomsa.net

REDAKTEUR

Marco J Nel ZS6MJ. 0797898686
marconel@vodamail.co.za

INDEKS

2. Indeks

3. Jesus in ons lewe

4. Klubsake

5. Veiligheid & wenke

6. Jesus in ons lewe vervolg

7. What does "CW" really mean?

8. Uit toeka se dae

9. Uit toeka se dae vervolg

10. Uit toeka se dae vervolg

11. Tegnies

12. Tegnies vervolg

13. Tolhekke

14. Antarktika-vriend of vyand/

15. Kommunikeer via metreoretsterte

16. Build a 7 element 4M beam

17. Terug na basies met elektronika

18. Wat's te ete? + Lag 'n bietjie

19. Jongspan

20. MRK trofee's

21. TNT / MRK verlede

22. Grootste diamant ooit

23. Laaste gedagte

**Baie dankie aan
ons borge.**

**Sonder julle is
hierdie**

**Teenspanning nie
moontlik nie.**



**COMPUTER SWOP
& REPAIRS**

JAN BROODRYK
072 1494 086

877 H/V BEN SWART
& 24 STE LAAN
VILLIERIA

Jesus in ons lewe

3

Is my boetie se beurt.....

'n Verhaal word vertel van 'n matriekklas by 'n sekere skool wat geregeer is deur die belhamel-element. Die klas het haas onregeerbaar geword en een ná die ander onderwyser het sy ofhaar goed gevat en geloop omdat dit nie vir hulle enigsins moontlik was om dissipline en orde te handhaaf nie. Daar is advertensies in al die koerante geplaas, maar soos wat die onderwysers aangestel is, so het hulle 'n paar weke later maar weer hul goed gevat en geloop.

Maar een oggend was daar 'n ligte kloppie aan die skoolhoofse deur en n fingerig geboude man het daar gestaan. Die skoolhoof het gegroet en toe stel die man homself voor: "Ek is Mnr. Buys en ek het kom aansoek doen vir die pos van matriek onderwyser."

Die skoolhoof het die man op en afgekyk en toe vir hom gesê:

"Dankie Mnr. Buys, maar groter en sterker manne as jy het al aansoek gedoen en het maar weer stert tussen die bene 'n paar weke later weggesluit."

Mnr. Buys het die skoolhoof in die oë gekyk en toe gesê: "Dan het jy mos niks om te verloor deur my 'n geleentheid te gee nie. Ek sien kans vir hierdie klas." Die skoolhoof het sy bedenkinge gehad, maar het te sleg gevoel om vir hierdie man te sê dat hy heeltemal te klein en maer is vir hierdie klomp belhamels en het hom toe aangestel.

Die volgende oggend was die matriekklas op hul beste, die geraas is deur die hele skool gehoor. Daar was 'n vreeslike rumoer wat deur die gange ge-eggo het. Die klas deur het oopgegaan en mnr. Buys het stadig by die deur ingeloopt terwyl hy die hele spul so op en afbekyk, hy het agter sy tafel gaan staan en net gekyk, nie 'n woord gesê nie.

Daar het skielik 'n doodse stilte oor die matriekklas neergedaal. Of dit verbasing was omdat so 'n klein verpiepte mannetjie die mannemoed gehad het om by hulle klas in te stap, en of dit net die atmosfeer was wat die man omvou het - wat ook al die rede - die stilte was voelbaar.

Mnr. Buys het van die geleentheid gebruik gemaak om die klas te groet, homself voor te stel en hulle te vra om asb.. Hulle plekke in te neem. Hy verduidelik toe vir hulle dat hy orde en dissipline gaan toepas, maar met die verskil, dat hulle die reëls en die straf sal bepaal. Hy gaan staan toe voor die swartbord en vra hulle watter reëls hulle wil instel. Die een groot belhamel met die naam van Jakobus spring toe op en skree: "Daar mag geen diefstal wees nie", en mnr. Buys skryf toe - GEEN DIEFSTAL.

Die volgende ou spring toe op en sê daar mag geen vloekery wees nie, en mnr. Buys skryf - GEEN VUIL TAAL, en so het die klomp hul totaal en al oorgegee aan die genot van die maak van die reëls. Toe staan mnr. Buys eenkant en sê "dit is nou goed so, maar wat van die strafas een van hierdie reëls verbreek word." "O dit is maklik," skree ou Jakobus weer, "10 van die bestes met die rottang". "Goed," sê mnr. Buys, "so sal dit wees" en skryf toe die straf ook op die bord.

Die dag het redelik vlot verloop en die pouse het aangebreek.

Vervolg op bladsy 6

Roepsein:	ZS6MRK
Herhaler:	145.750 MHz. 51.750 MHz. 438.750 MHz. 438.575 MHz.
Posbus	1492 Pretoria 0001
Bank	ABSA Tak 335045
Rek no:	Tjek 0600162020
Klubhuis	h.v. Mills & Breyer laan Waverley
Webblad	www.zs6mrk.org - volg skakel na ons nuwe webblad!
E-pos	sekretaris@zs6mrk.org
Byeenkomste	Gewoonlik die 3de Saterdag van elke maand by die Klubhuis behalwe wanneer anders af gekondig
Bullitins	Sondae 11:15 op die onderskeie Herhalers sowel as 14,225MHz ESB. Echolink via ZS6FCS. (Volg aangeduide skakels) Woensdae 19:30 heruitsending op 145.750 FM en 3,640 MHz ESB. Luister op Woensdae aande net na die bulletin heruit sending 19:30 op 145.750 FM na tegniese besprekings en neem saam deel. Elke 2de Woensdag aand om 19:00 is dit die bulletin van ZS6JVT. Die stem van ons jeug.

Nooddiens

Een van die redes vir die bestaan van amateurradio is dat baie radioamateurs hulle laat oplei om noodkommunikasie te verskaf na rampe soos orkane waar ander radio- en telefoon kommunikasie ontwrig is. Amateurs kan na 'n ramp vinniger as telefoon- en radio-maatskappye reageer deur maste, antennes en radios op te stel wat van sonkrag, batterye, draagbare opwekkers of ander vorms van nood krag kan werk. Vanweë die wye bestek van frekwensies waarop amateurs kan werk kan hulle plaaslike en internasionale kommunikasie verskaf. Wanneer kommersiële en regerings radio- en telefoondienste weer op die been is kan hulle dan weer oorneem. Amateurs is ook gedurig aan die luister en dus gebeur dit dikwels dat as 'n vaartuig soos 'n seiljag ter see in die moeilikheid beland dan word hy met die hulp van 'n radioamateur gered.



VEILIGHEID & WENKE

5

Deur Johan Nel ZS6JPN

Soos voorheen genoem, gebruik boeweoek tegnologie in hul bedrywighede, en een daarvan is radio's. Ek wil 'n ernstige beroep doen op alle radioamateurs om radiotoerusting met groot sorg te hanteer. Enige tweerigting radio wat in verkeerde hande beland kan gevaarinhou. Ek is bewus van gevalle waar mense hul motor laat diens het met die amateurradio in die motor. Die werktuigkundiges het gereken dit is 'n lekkerspedding, en 'n paar amateurs lekker warm om die kraag gemaak. Dit was miskien 'n bietjie pret vir hulle, maar daar kon baie meer probleme gewees het as dit in iemand anders se hande beland het. As jy dus jou motorneem vir 'n diens, verwyder dan minstens die mikrofoon. Ek merk gereeld by snuffel markte hoe mense radio's aan ander verkoop sonder om seker te maak of die koper 'n gelisensieerde radioamateur is. Dit lyk asofniemand meer omgee nie, en so beland kragtige liniêre versterkers en HF radio's in die hande van Burgerband en ander mense. En dan klaons oor die steunings! Dit is dan ook elke radioamateur se plig om die nodige inligting te verstrek as hulle weet van mense wat sulke toerusting besit of gebruik, sodat dit opgevolg kan word. Dit is minstens in ons eie belang.

Mense met jong kinders in die huis moet ook seker maak dat hul radio's buite bereik van die kinders is, of dat minstens die kragtoevoer nie deur hulle aangeskakel kan word nie. Dit het natuurlik niks met veiligheid te doen nie, maar kan heelwat ongerief voorkom.

Verder kan ek maar net noem dat ons nooit ons waaksaamheid moet verslap nie. As jy jou motor langs die straat parkeer, moet jy aanvaar dat hy gesteel kan word. My een Seun het 'n tyd gelede sy motor voor Marco ZS6 MJ se huis gestop, en net gou in gegaan omsy vrou en kind te roep wat daar gekuier het. Hy was nie eens vir 2 minute in die huis nie, maar toe hy weer buite kom was 3 rowers klaar besig om die motor te steel. Dit is slegs die versteekte skakelaar wat hy self gesit het, wat verhoed het dat die motor weg is.

Die les hieruit is duidelik. Al het jy 'n gesofistikeerde stelsel in die motor, bou maar jou eie voorsorg ook in. Dit gaan miskien nie voorkom dat jou motor gesteel word nie, maar dit kan jou 'n bietjie meer tyd gee as jy dit vir 'n rower moeilik maak. Die probleem met die meeste stelsels waarmee motors deesdae toegerus word, is dat hulle meesal stereotipe is, en dat die boewe presies weet hoe om daardie stelsels onskadelik te maak. Sit genas maar jou eieskakelaartjie of konkoksie in werking.

Dieselfde beginsel is natuurlik by ons huise en besighede ook van toepassing. Die alarmstelsels wat deur maatskappye geïnstalleer word is omtrent almal dieselfde, en die professionele skelms weet presies hoe om verby dit te kom. Ek dink dat seker een van die ergste situasies waarin jy kan beland, is dat jy tuis kom deur boewe in die huis ingewag word. Jy gaan totaal onkant betrap word, en met die alarmstelsel wat jy aangeskakel het is jy totaal weerloos. Wees dus altyd op jou hoede as jy tuis kom. Kyk vir enige tekens wat kan dui op iets wat verkeerd is. Kyk na die hond se gedrag. Lyk hy bang of slaperig of iets, of sien jy hom glad nie. Is jy heeltemal seker dat die ligte wat aan is, wel die is wat jy aangeskakel het voordat jy weg is? Dit is alles tekens wat kan dui op moeilikheid. Indien iets verdag lyk, moet nie alleen gaan ondersoek instel nie. Kry eerder dadelik hulp, al is dit ook net die bure. Indien julle bv. 2 of meer is, laat net een eers ingaan en seker maak alles is veilig voordat die ander ingaan.

Moenie vir een oomblik glo dat die misdaad tog nie so erg is nie. Onthou dat die meeste misdaad doelbewus uit die media gehou word met die verskoning dat die regering probeer om paniek te voorkom. Dit is inderdaad so dat ons slegs van enkele gevalle hoor waar dit 'n bekende persoonlikheid is wat aangeval is, soos onlangs toe die eienaar van 'n bekende Roosplaas hier naby aangeval is. Van die ander mense wat op 'n klein houe net daar naby aangeval is, en waarvan ek toevallig bewus is, is hoegenaamd geen melding in die media gemaak nie. Daar gebeur baie meer geweld as waarvan ons weet. Bly dus altyd paraat, en vernu gevaarlike plekke. Hou veiligheid voor oë.



Na pouse storm Jakobus die klas binne en sê vir mnr. Buys, "My toebroodjies is gesteel, en die reëls se daar mag nie gesteel word nie, so die skuldige moet asb. gestraf word". Mnr. Buys vra toe of hy weet wie die brood gesteel het, Ja, sê Jakobus, dit was Klaas. Mnr. Buys vra toe wie Klaas is, en agter in die klas staan 'n maer, verwaarloosde seun stadig op. Mnr. Buys vra hom toe of hy die brood geneem het en hy sê toe ja, hy het. Mnr. Buys kyk toe vir die kind en sien dadelik die hongerpyne op die seun se gesig raak, maar hy het ook besef as hy nie die nodige dissipline toepas nie, gaan hy ook druiptert die skool verlaat. Hy versoek toe vir Klaas om vorentoe te kom. Klaas was die toonbeeld van armoede, die skoene was stukkend, en oor sy skoolbroek het hy 'n oorgrote baadjie gedra wat hy styf voor toegevou het. "Klaas trek uit jou baadjie en kom buk". Klaas kom toe vorentoe en buk met die baadjie-pante nog steeds styf vasgehou. "Nee Klaas, die baadjie is te lank en dit hang oor jou boude, jy moet dit asb. uittrek". "Ag, meneer", smeek Klaas, "ek sal buk want ek is skuldig, maar asb. meneer, net nie my baadjie nie".

Mnr. Buys voel hoe sy binneste ruk, want hy weet hier is groot behoefte, maar ter wille van die dissipline van die klas moet die seun gestraf word. Hy versoek toe weer vir Klaas om sy baadjie uit te trek en weer smeek hierdie maer verwaarloosde kind: "Meneer, ek sal enigiets doen, maar asb. meneer, ek kan nie die baadjie uittrek nie".

Mnr. Buys kon ook nie toegee nie, en sê weer: "Kom Klaas, uit met die baadjie" en toe Klaas sien hy gaan die baadjie moet uittrek, maak hy dit oop en laat dit stadig grond toe gly en staan voor die onderwyser met net die broek aan sy lyf.

"Klaas waar is jou hemp" vra mnr. Buys. "Meneer, in ons huis is daar net een hemp en een baadjie en dit was vandag my boetie se beurt om die hemp te dra. En meneer ek het nie bedoel om die brood te neem nie, ek het gedink Jakobus gaan dit net weer in die asblik gooi soos elke dag, en ek was so honger, toe dink ek hy sal nie eens agterkom dat die brood weg is nie". Mnr. Buys het gemaak of hy na iets op die bord kyk om hom geleentheid te gee om sy emosies onder beheer te kry. Toe draai hy om en sê: "Klaas, jy verstaan dat ek wel die dissipline moet toepas. Jy verstaan dat ek nie 'n uitsondering kan maak nie", en Klaas kyk hom in die oë en sê: "Ja, meneer, ek verstaan" en toe buk hy, en Mnr. Buys tel die rottang op om die eerste hou te slaan, toe breek Jakobus se stem die stilte in die klas, "Wag Meneer moenie hom slaan nie." Mnr. Buys kyk na Jakobus en sê: "Nee die straf moet toegepas word vir die oortreding van die reëls". "Nee meneer, moenie hom slaan nie, hy was honger, los hom ek sal in sy plek kom buk om die straf te kry."

Daar was nie n droë oog daardie dag in daardie klas nie. Maar net so het daar iemand ook voor die Vader gestaan en gesê, Asseblief Vader moenie hulle straf nie, Ek sal in hulle plek die straf neem. Kom ons maak 'n punt daarvan om in hierdie nuwe dag, hierdie nuwe week opnuut vir Jesus dankie te sê vir die straf wat Hy namens ons verduur het. Laat mens dink, dink voor jy praat en doen aan andere wat jy graag wil hê gedoen moet word aan jou. Sien ook die nood raak van die ander met wie jy 'n pad kruis. Nou as jy soos ek nat gehulde oë het omrede jy besef hoe kosbaar Jesus se offer was, stuur na iemand vir wie dit vandag 'n verskil sal maak!

JY KAN 'N VERSKIL MAAK!

MAG GOD JOU SEEN!



What does 'CW' really mean?

7

From **Jim Wades, WB8SIW** come the following information regarding the origins of the term "continuous wave." Here is his abridged version.

The first radio transmitters generated RF by discharging a high voltage spark across an L-C resonant circuit, which was coupled to the antenna. Each spark discharge across the gap would "ring" the L-C tuned circuit, which would then oscillate at its resonant frequency with decreasing amplitude until the decay was such that oscillation ceased. This created a "damped" oscillation analogous to ringing a bell or plucking a guitar string.

The biggest problems with spark transmitters were occupied bandwidth, resulting in relatively poor efficiency, and the fact that they could not be modulated. This problem was solved through a number of approaches, which produced "undamped oscillations," also called "continuous waves." The earliest methods of producing an undamped oscillation were the arc transmitter and the radio frequency alternator. Both were usable only at very low frequencies, and both produced RF directly at high power levels, which were difficult to modulate. However, such systems remained in service well into the mid 1940s, and one Alexanderson long-wave alternator remains intact and operational in Sweden as a museum piece.



With the development of stable, good quality vacuum tubes in the 'teens, it became possible to develop a "modern" RF oscillator.

Better yet, a RF oscillator could operate at low levels and be buffered and amplified in stages to produce reasonably high power levels. Furthermore, such vacuum tube oscillators could be conveniently modulated. Therefore, immediately after World War One and through the 1920s, we begin to see a variety of applications arise centered around voice communications including radio broadcasting, police radio, and point-to-point SSB circuits for international telephone service.

The term "continuous wave" during this early period emerged as a tool to differentiate a modern radiotelegraph transmitter generating undamped oscillations from its antecedent, the older spark transmitter producing damped oscillations. Over time, as the spark technology receded into the past, the term "CW" became somewhat idiomatic; a term used by radio operators and engineers in reference to all radiotelegraph communications.

In reality, all modern communications systems use "CW," from your ham radio CW equipment to the latest cellular telephone or wireless router! I hope that explains things! - 73, WB8SIW



Voorsien deur Gordon Forbes

Uit Toeka se dae

8

Met dank aan en skriftelike goedkeuring van "Die Bronberger"

**Brandewynstokery lok toeka se magnate en mynbase
Bronberger September 2009**

Die eerste wettige brandewyn stokery in die Zuid-Afrikaansche Republiek was in Bronberg-wêreld op die plaas Hatherley langs die Pienaarsrivier. Die storie van dié stokery is een wat baie van toeka se kleurvolle karakters byeengebring het; van die mynbedryf se beroemde Barney Bamato, sakemanne Isaac Lewis, Sammy Marks en Alois Hugo Nellmapius tot President Paul Kruger. Dié stokery is ook die rede hoekom Sammy Marks homself in ons kontrei gevestig het. Sammy het Pretoria vir die eerste keer in Oktober 1881 besoek, vier jaar voor die Babertonse goudstomloop. Hier het hy Nellmapius ontmoet, wat klaar met Paul Kruger bevriend was en die konsessie vir alkohol vervaardiging in die Zuid-Afrikaansche Republiek gekry het.

Nellmapius

Die verhaal van dié stokery op Hatherley het so begin: Nellmapius, gebore in Boedapest, het in 1878/79 'n vennootskap aangegaan met Robert Cottle Green wat die plaas Hatherley, aangedui as 17 km oos van Pretoria aan die Pienaarsrivier, besit het. Met die eerste Vryheids-oorlog het Robert perde, beeste en vars produkte aan die boere verskaf.

In 1882 plaas hy egter 'n kennisgewing in die koerant wat aankondig dat daar geen uitspanning meer by Hatherley se plaashuis sal wees nie; slegs by die Pienaarsrivier. In haar Ou Pretoria

Nuusbrief, sê Rosa Swanepoel dat dit nie duidelik is presies wanneer Nellmapius alleen-eienaar van Hatherley geword het nie. Dit moes tussen die tyd van dié kennisgewing en die aankondiging van Nellmapius se vennootskap met Robert gewees het.

In 'n brief aan die Zuid-Afrikaansche Republiek, gedateer 8 September 1881, het Nellmapius aansoek gedoen om 'n brandewynstokery, waarvoor hy alleenreg wou hê, op Hatherley te begin.

In dié brief sê Nellmapius dat dit hoog tyd is dat die Volksraad mense aanmoedig om produkte in die Republiek te vervaardig, in plaas daarvan om alles in te voer. Hy het voorgestel dat hy 'n fabriek sal begin wat suiker, meel, alkohol, bier, sigare, asyn en styf sel sal vervaardig en leer sal looi.

Hy het geskryf dat hy beplan om baie geld op dié projek te spandeer om toerusting van Europa af in te voer.



Foto van Eerste Fabrieken op die plaas Hatherley
Foto: Nasionale Argief

So 'n belegging sou net vir hom die moeite werd wees as die Volksraad hom alleenreg vir ten minste 15 jaar kon waarborg.

Volksraad

Die Volksraad het sy versoek goedgekeur en die kontrak is 'n maand later, in Oktober 1881 onderteken. So het Nellmapius die 15 jaar konsessie verkry om die enigste vervaardiger in die Republiek te word van sterk drank, "gemaak van graan, aartappels en ander produkte, met die uitsondering van vrugte wat aan bome groei en druiwe", asook die reg om dié alkohol in grootmaat te verpak en te verkoop sonder lisensie.

Maar dit is juis rondom hierdie tyd wat Nellmapius deur een van sy gereelde bankrotskappe gegaan het. Nellmapius was 'n gekwalifiseerde myningenieur wat aanvanklik 'n muil-koetsdiens begin het wat tussen Pelgrimsrust en Delagoabaai diens gedoen het.

Vervolg op bladsy 9

Hy het ook handel gedryf in die goedkoop Portugese drank wat hy van die kus na die goudvelde vervoer het. Nellmapius het later 'n suksesvolle boer geword en grond suid van Pretoria gekoop wat hy na sy dogter, Irene, vernoem het. Dit is hier waar hy 'n vriend en vertroueling van President Paul Kruger geword het.

Toe Nellmapius bankrot gaan, was Hatherley, die perseel van die voorgestelde alkoholvervaardiging, al wat hy nog besit het. Hy vormt saam met die maatskappy Lewis & Marks, bestaande uit sy vriende Sammy Marks en neefs Isaac en Barnett Lewis, beter bekend as Barney Barnato, 'n onderneming met 'n kapitaal van 100 000. Barney Barnato was 'n Britse entrepreneur wat beheer oor die diamantmynbedryf en later oor die goudmynbedryf in Suid-Afrika verkry het vanaf die 1870's.

Sammy

In 1881 het Sammy Pretoria toe gegaan om die nuwe onderneming te registreer. Die registrasie word gepubliseer in die Staatskoerant van 14 Julie 1882 as "De Eerste Fabrieken in de Zuid Afrikaansche Republiek (Bep.) en die konsessie is aan dié maatskappy oorgedra.



Dié gedenksteen staan vandag op die perseel van die Sammy Marks-museum

Sammy het beplan om net 'n paar weke in die Pretoria-omgewing deur te bring maar, danksy die fabriek, het hy op die ou einde vir die res van sy lewe hier gebly.

In Desember 1883 het hy die plaas Zwartkoppies langs Hatherley gekoop vir 1 400. Die volgende jaar is hy terug Engeland toe en het daardie Desember met Bertha Guttman getrou en haar terug gebring Zwartkoppies toe.

Eerste Fabrieken se kantoor in Hatherley is in Junie 1882 geopen. Vivian Pilditch is as sekretaris aangestel en nie lank na die opening nie, het hy advertensies in die koerant geplaas waarin hy brandhout en graan via om te koop. 'De Volkstem' van 21 Maart 1883 berig dat die stokery by Eerste Fabrieken ge-open is en dat sterk drank nou gelewer word. Later noem die koerant Eerste Fabrieken se inwyding in Junie 1883 'n doopfees.

Hatherley


Die plaas Hatherley was 4 000 akkers groot. Daar was 'n reservoer met 'n kapasiteit van 170 000 gallon water, 'n fabriek vir elektriese kragopwekking, 'n vier-verdieping sentrale stokery, 'n losieshuis vir blanke werkers; huise vir getroude blanke werkers en 'n spoggerige huis vir die stokery se bestuurder. Daar was ook drie groot graanstore, elk met 'n kapasiteit van 5 000 sakke.

Dié hele spul kon gesien word van Sammy Marks, die stokery se besturende direkteur, se huis af. Dié huis het bekend gestaan as Zwartkoppies Hall en is vandag 'n nasionale museum.



Sammy Marks, Barnett Lewis, bekend as die mynbedryf se beroemde Barney Barnato, en Isaac Lewis
Foto: Wikipedia

Die stokery is amptelik deur president Kruger geopen en hy het dit na 'Volkshoop' herdoop. Die openingsdag is deur lede van die Volksraad by gewoon en 'De Volkstem' het verslag gelewer oor beide president Kruger en Nellmapius se toesprake, asook oor 'n demonstrasie van Roby se stoomenjins wat daar gehou is.



Sakeman Alois Hugo Nellmapius
Foto: Wikipedia

Teen 1889 het die fabriek meer as 150 werkers in diens gehad en het 1 000 gallon alkohol vervaardig uit die graan wat voorsien is deur Transvaalse burgers. In Desember 1889 was daar 'n terugslag toe 'n brand in die fabriek uitbreek het en 'n twee maande vertraging in produksie veroorsaak het. Blykbaar was die oorsaak brandstiging. Sammy het later besef dat meer kapitaal nodig was om die bedryf uit te brei en hy het besluit om die maatskappy op die Londense aandelebeurs te lys om sodoende toegang tot beide nasionale en internasionale kapitaal te verkry.

In November 1892 het die konsessiehouers geld en aandele in die ou maatskappy verruil vir aandele in die nuwe Eerste Fabrieken Hatherley Distillery Limited. In 1890 was Hatherley Distillery die enigste voorsiener van goedkoop alkohol aan 14 000 swart mynwerkers; die getal het tot 100 000 gegroei teen 1899. Dié beskermde toegang tot die mark was 'n belangrike deel van Hatherley se sukses storie. Dit was ook die begin van grootmaat alkoholproduksie in Suid-Afrika.

Dronk

Hatherley se aanvanklike sukses in die produksie van goedkoop alkohol vir die goudmynbedryf se swart werkers, het egter begin probleme skep vir dié industrie. Toe mynboukoste begin styg het in die 1890's, het dit onaanvaarbaar geword dat 15-20 persent van dié werkers nie kon werk nie, omdat hulle te dronk was. Na die begin van die depressie in Transvaal in 1896 het myneienaars probeer om die verkoop van alkohol aan mynwerkers onwettig te laat verklaar. Die Transvaalse Volksraad het toe 'n wet afgekondig wat dié verkope verbied vanaf 1 Januarie 1897. Dié verbod op die verkoop van alkohol aan swart mense en die dranksmokkelary van Mosambiek af, het 'n groot impak op Hatherley gehad. In 1897 het Hatherley 'n verlies van 46 988 getoon.

Aandeelehouers in dié maatskappy het gesê dat hulle vir die firma 'Lewis & Marks' moet druk om kompensasie vir dié verliese van die regering af te kry. In 'n brief het dié aandeelehouers gesê hulle besef dat hulle nie druk op Sammy Marks kan plaas nie, want as hy moet kies tussen die aandeelehouers se belange en sy vriendskap met President Paul Kruger, sal sy vriendskap seëvier. Dit het toe ook so gebeur.

Onthou

Meer as 'n honderd jaar later ken inwoners die naam 'Hatherley' net as die plek van die vullishope neffens Piensaarspoort. Daar is egter nog 'n paar mense wat iets van die Eerste Fabrieken onthou.

In Rosa Swanepoelse Ou Pretoria nuusbrief skryf Albi Meyer dat hy melkkanne van sy oupa geërf het waarop 'Eerste Fabrieken' gegraveer is. Sy oupa het sy melk in die oggend per trein na Eerste Fabrieken se stasie gestuur. Die middag het die melkkanne weer teruggekom per trein met die geld binne-in die leë kanne. Daar was skynbaar nooit 'n voorval van diefstal nie. In dieselfde nuusbrief vertel Louw van Deventer dat sy gesin in 1951/2 in Eerste Fabrieken gewoon het. Sy pa was die stasievoorman. Daar was toe reeds niks meer oor van die fabriek nie; net 'n paar spoorweghuse en 'n Joodse en Sjinese winkel. Louw-hulle het egter nog baie verskillende soorte bottels daar gevind.

PAINT FACTORY^{cc}
 Val No. 4590177863 CK 96/053493/23
ART SHOP
Danie Bisschoff
083 235 0970
 Tel: 012 351 3022 Fax: 012 351 3234
 Frederikastraat Tussen 14de & 15de laan
 Rietfontein
paintfactory@telkomsa.net

Stapel antenna



Vir meer wins (ongeveer 3dB) kan 'n tweede 'dipool' bygevoeg word.

Die twee elemente (A en B) word aanmekaar geheg deur 'n paal van nie-geleidende materiaal soos hout of plastiek/veselglas. die spasie tussen A en B is ongeveer 12mm. Die afmetings van die verbinding tussen die twee elemente is belangrik, en is ongeveer 22cm (horisontaal) vir die 2m antenna in die skets hier langsaan.

Weereens kan die voerpunt onder verstel word vir die beste SWR. (Figuur Regs)

SlimJim

'n Ander variasie is die 'Slim Jim', so genoem oor sy maer vorm en die J-vorm in die konstruksie. (Figuur Onder)





Multiband

Om beter uitstraling op 'n tweede band te kry kan twee antenas gekombineer word en 'n antenna met drie elemente word dan gemaak. Hier is 'n voorbeeld van 'n 2m / 70cm J-pool.

Vervolg op bladsy 12


Die multiband antenna is gemaak deur skroefdraad te sny aan die ent van elke element en dit dan met twee moere aan weerskante van die monterplaat vas te skroef. Let op die isolasie van die aktiewe element – regs op die linkerkantste foto.

Ronde aluminium staaf met 8mm deursnee sal goed werk, dit kan ook gedoen word deur 9.5mm aluminium pyp te gebruik – skroefdraad word dan aan die binnekant van die pyp gesny en dit word dan op 'n 8mm bout (wat deur die monterplaat vasgeskroef word) vasgeskroef.



Uitstraling

Horizontale uitstraling is eweredig in alle rigtings. Die simulase hier lings is vir 'n vertikaal gemonteerde 2m J-pool, 10m bo die grond.



Bronne

Daar is oorgenoeg inligting op die web oor die J-pool (of J-paal, as jy wil). Gaan soek gerus!

byv.

<http://www.hamuniverse.com/jpole.html>

http://en.wikipedia.org/wiki/J-pole_antenna

<http://www.dxzone.com/catalog/Antennas/J-Pole/>

<http://www.buxcomm.com/pdfzips/The%20J%20Pole%20HANDBOOK.pdf>

<http://www.qsl.net/wb3gck/jpole.htm>

ens ens – gebruik jou gunsteling soekenjin!

Voorsien deur Gordon Forbes



Deur Kobus Pretorius

Kaapstad - Motoriste sal binnekort moet ligloop wanneer splinternuwe spoedkamas op Kaapse paaie opgerig word.

Die nuwe spoedkamas, wat motoriste se snelheid oor 'n afstand eerder as op 'n spesifieke plek meet, word tans op die M5-hoofweg getoets. Dit is die afgelope twee weke by die Kromboom- en Wettonbrug op die M5 as deel van 'n toetslopie gebruik.

Indien dit suksesvol is, sal dit ook in die res van die metropool en later die provinsie gebruik word, het J.P. Smith, Kaapstadse burgemeesterskomiteelid vir veiligheid en sekuriteit, gister gesê. "Die kamas meet die tyd wat dit 'n motoris neem om van die een kamera tot by die ander een te ry. "Indien die motoris die afstand tussen die twee kamas aflê teen 'n gemiddelde spoed wat vinniger is as die toegelate maksimum spoed op die pad, sal hy of sy beboet word," het Smith bygevoeg. Die kamas neem die nommerplate van al die voertuie in sy visier af. Volgens Smith is die probleem met die tradisionele spoedkamas dat hulle 'n motoris se spoed op een bepaalde plek afneem. "n Motoris kan in teorie 160km/h rry, skerp rem wanneer hy by die kamera kom en weer versnel wanneer hy verby die kamera is.

"Die nuwe kamas is dus meer doeltreffend en het reeds die groen lig by die Nasionale Vervolgingsgesag gekry." Dit beteken egter nie die ou kamas se dae is getel nie. "Die twee tipes kamas kan, indien nodig, saam gebruik word." Smith het gesê die spoed-oor-afstand-kamas word reeds met groot sukses oorsee, veral in Europa, gebruik. Volgens hom is die M5 en veral die R300 berugte paaie waar baie ongelukke gebeur waarin spoed 'n groot rol speel.

Berig uit "Die Burger"


Na verneem is, is hierdie stelsel so betroubaar en suksesvol dat dit wel in Gauteng geïmplementeer word. Dus sal dit wys wees om nou ook hier in Gauteng maar liefds die spoed te hou tussen hierdie deur-ry tolhekke.

Met die toegeruste kamera stelsel kan daar nou ook elektronies nagegaan word of die voertuig wat deurgaans gelisensieerd is, agterstalige boetes nagaan en gesteelde voertuie opspoor. Dit help ook nie om die nommerplaat te verwyder nie, want soos reeds bekend gemaak, is daar oral veral ongemerkte patrollie voertuie om jou af te trek. —So wees gewaarsku —.



ANTARKTIKA - VRIEND OF VYAND?

14



Deur Marten du Preez ZS6ZY

AGULHAS-NUUS

Die uitsendings van die SAUK op kortgolfkan nie gehoor word nie, dus was nuus baie skaars op die skip. Tydens die daaglikse verbindinge met amateurs in Suid-Afrika is nuus waardighede bekom en is besluit om 'n daaglikse uitgawe van Agulhas-nuus te verskaf. Tydens die krieket toetsreeks teen Indië en ander sportgebeure het Tinus ZS6TL en Paul ZS1JU my uurliks ingelig oor die tellings. Hierdie en ander inligting oor wat in Suid-Afrika gebeur, het ek op twee papier velle neergeskryf, een op die brug en een in die sitkamer geplaas. Dit was deur almal aan boord baie waardeer. Die verslaggewers was ook baie bly om te hoor dat hulle berigte in koerante verskyn het. So het amateurradio ook gemeenskapsdiens verrig.



Aflaaiplek uitgegrawe om Agulhas sodat hyskraan voorrade kan aflaai.
Ysberge in agtergrond.

YSBANK VAN ANTARKTIKA IN SIG

Nadat ons deur die pakys gevaar het, het ons die 200km op waters rondom

Antarktika bereik en het ons teen die ysbank op 17 Januarie vasgemoet. Dadelik is met die aflaai van voorrade begin maar moes gestaak word toe die baai ys die skip sywaarts teen die ysbank vasgedruk het. Die skip het toe deur die opening tussen die ysbank en die baai ys ontsnap en is begin om die baai ys met die skip se boeg in twee dele oop te kloof. Die twee dele baai ys is deur die skip vêrder weg van die ysbank gestoot sodat die aflaai hervat kon word. Sommige van ons het in die ruim van die skip gehelp om voorrade op die nette te plaas terwyl ander op die ysbank gehelp het met die aflaai van die kratte op die slees. Ons het in skofte gewerk.

VERTREK NA SANAE IV BASIS

Nadat die aflaai voltooi was, is ons per helikopter na SANAE IV basis vervoer. Die basis is 250km binnelands geleë en duur die vlug 55 minute. Dit was 'n unieke geleentheid om die sneeu vlaktes vanuit die lug waar te neem en ook die kleiner berge se spitse wat bokant die sneeu-oppervlakte uitsteek. Ek wil graag 'n lansie breek vir ons puik helikopter-vlieëners wat baie vlugte moes onderneem om mense vanaf die skip na die basis te vervoer en ook die wetenskaplikes wat hulle in die berge gaan aflaai het om opmetings te gaan doen. 'n Storm het opgesteek terwyl hulle die landmeters gaan aflaai het en moes toe op die sneeu-oppervlakte land en wag totdat die storm bedaar het. Hulle kon toe nie die inlywing van SANAE IV basis bywoon nie.

Vervolg in Teenspanning November / Desember

Biljoene klein meteoriete so groot soos ryskorrels stort aanmekaar die aarde se atmosfeer binne en brand daar heeltemal uit. Hulle trek teen 10 tot 75 km/s (36 000 tot 270 000 km/h) en in die uitbrand-proses laat hulle 'n dun 'stertjie' van geïoniseerde materiaal agter, enkele meter breed en soms tot 25 km lank.

Net soos die ionosfeer – die heel boonste laag van die atmosfeer – kan hierdie onsigbare stertstrep radioboodskappe terugkaats na die aarde toe. Talle instansies maak dan ook daaglik gebruik van hierdie kommunikasiekanaal, wat gratis deur die natuur voorsien word.

Omdat die ionisasie baan so klein is, is die 'voetspoor area' – die gebied waar 'n weerkaatste boodskap ontvang kan word – ook baie beperk, naamlik omtrent 20 km vierkant. Dit maak dit onmoontlik vir enigiemand buite dié gebied om die boodskap te ontvang.

Die meteoriete brand byna oombliklik uit en die stert bestaan minder as 'n sekonde lank. Gevolglik kan niemand dus ook die boodskap versper nie. Dié kommunikasiekanaal is dus besonder geskik om hoogs geheime inligting van die een plek na die ander oor te dra.


Terwyl meteoriete aanhoudend in die atmosfeer inplons, hoef 'n mens nie lank te wag nie – dalk maar 'n paar sekondes – voor daar weer 'n geskikte stretstrep op die regte plek verskyn om 'n boodskap te kan oorstuur. Eksperimente het aangedui dat frekwensies tussen 30 en 100 MHz betroubare kommunikasie oor 'n maksimum afstand van sowat 2 000 km kan bewerkstellig. Die afstand word slegs beperk deur die ronding van die aarde.

'n Kommunikasie stasie bestaan basies uit 'n rekenaar, 'n moduleerder en 'n kragtige sender en ontvanger. Die boodskap word gekomprimeer en die rekenaar staan gereed om op die regte oomblik die kort en kragtige uitsending te maak, of die boodskap te ontvang en te ontsyfer.

In Suid-Afrika maak die Departement Waterwese reeds lankal van die stelsel gebruik. Die watervlak in damme, reënneerslag, vloei snelhede van water in riviere en ander relevante inligting word outomaties op vërafgeleë plekke versamel en op dié wyse na die hoofkantoor oorgesend.

Nuwe ontwikkelings stel nou selfs stem-oorsending, beter datakompresie en vinniger stuur tempo's binne ons bereik.

In vergelyking met ander kommunikasiestelsels is meteorietstert-kommunikasie 'n besonder goedkoop en doeltreffende manier om boodskappe oor te sein, en maklik om te installeer. Dit is 'n besonder geskikte stelsel vir 'n uitgestrekte land soos Suid-Afrika. Met slegs drie of vier meester-sendstasies en 'n aantal afstand stasies kan die hele land gedek word.



Build a 7 Element 4M (70MHz) Beam


By Paul Graver, M1CCZ

The 4m or 70Mhz band is not an allocation that is in widespread use, consequently the bulk of the equipment for this band has to be homemade. In the UK the band extends from 70.00 to 70.50, this 7 element beam, designed around a centre frequency of 70.25 provides approximately 12dBi gain with a F/B ratio of 30dB.

All of the elements are 13mm diameter aluminium tube mounted through a 50mm diameter aluminium boom, including the driven element, which is not split or insulated from the boom. The overall boom length is about 5 1/2 metres. To match the beam to the 50 ohm feeder, a Delta Match arrangement is used.

Element	Length	Spacing
<i>Reflector</i>	2198	778
<i>Driven</i>	2106	
<i>Director 1</i>	2023	540
<i>Director 2</i>	1924	885
<i>Director 3</i>	1921	755
<i>Director 4</i>	1928	1110
<i>Director 5</i>	1797	1260

All dimensions in millimetres



**MAN ALONE, HAS THE
POWER TO TRANSFORM
HIS THOUGHTS IN TO
PHYSICAL REALITY; MAN,
ALONE CAN DREAM AND
MAKE HIS DREAMS COME
TRUE.**



YAESU
Amateur Radio Division of Vertex Standard



DIAMOND
ANTENNA

Amateur Electronic Supplies

Jou Bekostigbare Amateur Radio Handelaar

Johan Lehmann ZS6JPL
083 3008677 / 012 8413648
aesham@telkomsa.net












CABLE & INTERCONNECT SOLUTIONS
FOR TELECOMS, BROADCAST
AND MIL/AERO MARKETS



CUSHCRAFT
CORPORATION

Die Spanningsverdeler

Twee weerstande in serie kan as *spanningsverdeler* gebruik word. Beskou die kring hieronder.



Die kring toon twee weerstande wat soos tevore in serie verbind is. Maar, hierdie keer meet ons die spanning V uit oor een van die weerstande. Ons taak is om uit te vind wat hierdie uitsetspanning is in terme van insetspanning wat oor beide weerstande aangelê word.

Met gebruik van die formule vir weerstande in serie weet ons dat die gesamentlike weerstand van $R1$ en $R2$ in serie $R1 + R2$ is. Ons kan Ohm se wet gebruik saam met die insetspanning en die gekombineerde weerstand van $R1$ en $R2$ in serie ten einde vas te stel wat die insetstroom is.

$$I = VIN \div (R1 + R2)$$

Indien ons nou aanvaar dat 'n nalaatbare klein stroom by die uitset onttrek word, sal dieselfde stroom deur beide weerstande vloei. Dus kan ons die spanning oor $R2$ bepaal, wat ook die uitsetspanning is: $V_{uit} = I \times R2$. Deur die waarde van I wat ons verkry deur middel van Ohm se wet en die seriekombinasie van $R1$ en $R2$ kry ons: $V_{uit} = (VIN \div (R1 + R2)) \times R2 = (VIN \times R2) \div (R1 + R2)$. Die kring is bekend as 'n "spanningsverdeler" aangesien die uitsetspanning proporsioneel aan, maar kleiner as, die insetspanning is, dus is die effek van die kring om die insetspanning met 'n konstante faktor (kleiner as 1) te verdeel.

Opsomming

Kirchoff se stroomwet sê dat by enige punt in 'n kring (stroombaan) waar twee of meer geleiers bymekaarkom, die som van die strome wat na die punt vloei gelyk is aan die som van die strome wat daarvandaan wegvloei. Sy spanningswet sê dat die spanning tussen enige twee punte in 'n kring (stroombaan) gelyk is aan die som van die spanningsvalle langs enige baan wat die twee punte met mekaar verbind.

Ons kan hierdie wette saam met Ohm se wet gebruik om die ekwivalente waardes van weerstande in serie of parallel te bereken. Wanneer twee of meer weerstande in serie verbind word, is die gekombineerde weerstand die som van die individuele weerstande. Wanneer twee of meer

weerstande in parallel gekoppel word, is die omgekeerde van die ekwivalente weerstand die som van die omgekeerdes van die individuele weerstande.

Die spanningsverdeler bestaan uit twee weerstande in serie met 'n uitsetspanning oor een van die weerstande. Die formule vir die uitsetspanning van 'n spanningsverdeler is:

$$V_{UIT} = (VIN \times R2) \div (R1 + R2)$$

Volgende uitgawe:
Kragverbruik in Gelykstromkringe

WORS-EN-NIERTJIE POTJIE

50ml olie	25ml botter
3 groot uie (gekap)	50ml koekmeelblom
12 lamsnertjies (in heltes gesny, vliese verwyder)	5ml sout
varsge maalde swartpeper	12.5ml tamatiepasta
200ml hoenderaftreksel	50ml droë wit wyn
8 varkworsies middeldeur gesny	200g sampioene
50ml brandewyn	12.5ml gekapte pietersielie

Plaas olie en botter in driepootpot en verhit oor warm kole. Voeg gekapte uie by en roer vir 3 minute. Rol niertjies in mengsel van koekmeelblom, sout en peper en voeg by die uie in pot. Voeg res van die bestanddele behalwe die brandewyn en pietersielie by en laat oor matige kole gaar word sonder om te roer. Wanneer niertjies gaar is, voeg brandewyn en pietersielie by, roer een maal omen dien op.

Lay'n niertjie

Drie manne besluit om te gaan jag en hulle werk toe uit dat die trippie heelwat goedkoper vir elkeen sal wees as hulle 'n vierde jagter saamvat. Hulle wou ook nou nie enige ou saamvat nie so hulle spesi fiseer toe in die Landbouweekblad:

UITNODIGING:

Jagmaat vir jagtog in Namibie 01/03/2011 tot 13/03/2011 gesoek. Moet eie jaggeweër besit, goed kan skiet, en moet hou van 'n gesellige aandjie met musiek en stories om die kampvuur. Skakel Skietpiet by Vryburg 5555. Niemand bel tot so twee dae voor die trippie nie. Laatnag lui Skietpiet se foon ...

"Goienaand. Herman van Pretoria wat praat. Ek skakel in verband met u advertensie in die Landbouweekblad." Skietpiet is skielik wakker: "Naand Herman, ja, ons het nog 'n plekkie oop. Watse geweër het jy?" Herman: "Ek het nie 'n geweër nie, Oom." "Dis nie die ergste nie. Ons sal 'n plan maak." sê Skietpiet, "Jy kan een by my leen. Jy skiet seker 'n bars hou." Herman: "Ek skiet eintlik glad nie, Oom." "Dis ook nie die ergste nie, neem 'n paar foto's en kuier saam. Jy hou darem seker van 'n paar doppe om die kampvuur?" "Nee Oom, ek drink nie." "Dan moet jy dit baie geniet om te vermaak met musiek en 'n paar lekker stories om die kampvuur! Net die man wat ons soek!" "Nee Oom, eintlik is ek baie teruggetrokke." "Jy het nie 'n geweër nie, jy skiet nie, jy drink nie en nou is jy nog skaam ook ... Vir wat bel jy my dan die tyd van die nag?"

"Ek bel net om vir Oom te sê ek kan nie saamgaan nie ..."

Weerwoordeboek

Deur Fanie Viljoen

Ken jy hierdie gonswoorde oor die weer en die aarde?

Kweekhuis-effek

Was jy al in 'n kweekhuis waar mense plante kweek? Hoe voel dit? Nogal warm, nê!

Die glas vang die son se hittevas in hierdie kweekhuise.

Dieselfde gebeur met die aarde: Die koolstofdioksied in ons atmosfeer vang die son se hittevas, daarom vries ons nie ons boude af nie. Die aarde word dus soos 'n kweekhuis.

Stygende seevlakke

Wetenskaplikes het agtergekom dat die ys in die Noordpool besig is om te smelt weens aardverwarming. As Antarktika en Groenland se ys alles smelt kan die see tot 12% hoër styg.

Die warmer aarde sal ook die see warmer maak. Dit sal die seevlak selfs hoër laat styg. Dit kan kwaaie storms en selfs oorstromings veroorsaak in laagliggende gebiede.

Aardverwarming

Wanneer daar te veel koolstofdioksied in die lug is, word dinge te warm vir die aarde se mense, diere en plante. Ons noem dit aardverwarming.

Osoon-besoedeling

Ons noem die buitenste laag van die aarde se atmosfeer die stratosfeer. Hier word goeie osoon gemaak wat help om die aarde te beskerm teen die son se ultravioletstrale.

Lugbesoedeling op die aarde maak egterslegte osoon. Hierdie legte osoon word vasgevang in die onderste laag van die atmosfeer. Osoon-besoedeling kan asemhalings- en hartprobleme, keelseer en borspyn veroorsaak by mense.

El-niño

As die Stille Oseaan se gemiddelde oppervlaktemperatuur verander, kan dit die wêreld se weerpatrone beïnvloed. Sommige plekke kry vreeslik baie reën, terwyl ander uitermatige droogtes beleef.

Tropiese siklone kom ook voor.

Suurreën

Wanneer reën, mis of sneeu skadelike swawelsuur of salpetersuur bevat, noem ons dit suurreën.

Die verbranding van fossielbrandstowwe in fabriekke, motors en kragentrales veroorsaak dat swaweldioksied en stikstof in die lug beland. Dit verbind dan met die water in die wolk en maak dit suur. Suurreën beskadig plante en die buitekant van geboue. Dit kan selfs water in damme en riviere besoedel sodat alle waterlewe doodgaan.

Het jy geweet?

El Niño is Spaans vir "dieseeun".

Koolstofdioksied kom uit die olie, gas en kool wat verbrand word in motors, vliegtuie, kragentrales, ens.

Wat kan jy doen om die aarde te help?

- Skakel ligte af as jy dit nie gebruik nie.
- Ry fiets of stap kort afstande in plaas daarvan om in 'n motor te ry.
- Plant 'n boom.
- Trek eerder koeler of warmer aan in plaas daarvan om lugverkoelers of verwarmers te gebruik.
Stort eerder as bad.
Inligting by www.greatestplanet.org

**Erkenning aan Hoezit.
Jeugtydskrif van ATKV.
Skriftelike goedkeuring vir
herpublikasie.**

BULLETIN BYDRAES TROFEE

Hierdie trofee is tydens die AJV van 2009 in gebruik geneem. Rede vir hierdie trofee is om amateur's aan te moedig om die nuuslesers van inligting te voorsien.

Gaan aan die persoon wat volgens die Bulletin koördineerder die meeste / beste bydraes tot die klub se bulletins gelewer het gedurende die jaar wat die AJV voorafgaan.



RAY WEBBER ZS6RSW VHF/UHF TROFEE

Gerveerwerk op die trofee lees as volg:

*SARL
The "Ray Webber
ZS6RSW"
VHF/UHF Trophy
2006*



DIE VOORSITTER AAN DIE WOORD (10 JAAR GELEDE) Geneem uit teenspanning Oktober 1974

Geagte Lede en Belangstellendes:

Die bestaan van Tak Noord-Transvaal van die Suid-Afrikaanse Radioliga is 'n voldonge feit en ZS6TNT het die lig gesien. Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om al die lede wat so ywerig saamgewerk het hartelik te bedank vir alles wat hulle gedoen het om die totstandkoming van Tak Noord-Transvaal te bewerkstellig. Die geesdrif wat daar by al die lede geheers het is vir my 'n riem onder die hart en ek kan u verseker dat dit vir my 'n besondere plesier was om u almal te ontmoet, nadir met u kennis te maak en saam met u te werk. Ek hoop dat ons tak nog die hoogste hoogtes al bereik en soos ek u almal leer ken het is ek oortuig daarvan. By die stigtings – en daaropvolgende vergadering is 'n amateurgees openbaar wat nie maklik geëwenaar sal kan word nie!

Nouja vriende, saam met die totstandkoming van ons tak het daar natuurlik ook 'n ander groot gebeurtenis plaasgevind naamlik die ontstaan van ons blad TEENSPANNING. Met drie uiters bekwame en ywerige kêrels soos Chris ZS6HX, Dup ZS6ZY en Toni ZS6ADF aan die spits kan ons verseker wees dat ons blad in elke opsig 'n reuse sukses sal wees. Ek wens hulle alle voorspoed en sukses toe en ek wil graag 'n beroep op al die lede van die tak doen om die drie staatmakers met raad en daad by te staan en te help om 'n reuse sukses van hulle taak te maak. Ons sien uit na die verskyning van hierdie eerste uitgawe. Ek is dan ook daarvan oortuig dat die blad so interessant sal wees dat dit die geesdrif by belangstellendes o sal aanwakker dat hulle as lede van die Suid-Afrikaanse Radioliga by ons tak sal aansluit. Tak Noord-Transvaal gaan 'n steunpilaar vir die liga wees; daardie liggaam wat ons belange op die hart dra en vir ons regte veg.

Tak Noord-Transvaal is natuurlik nog in die beginstadium en met trots kan ek sê dat met die geesdrif en ywer vir samewerking sake so gevlot het dat die ledetal reeds op meer as 45 staan. As almal die skouer aan die wiel sit gaan ons tak nog groot hoogtes bereik.

Namens ons hele tak wile k graag vir Carl ZS6BEE hartelik bedank vir sy opoffering wat ons in staat gestel het om so gou 'n posbus te bekom.

Dit is reeds deur die komitee besluit dat indien daar lede van die platteland by ons tak gaan aansluit en vergaderings daar geregverdig is, dat ons vanuit Pretoria die opoffering gaan doen om minstens een keer per jaar op 'n sentrale punt vergadering te hou vir die lede.

Ek sê weereens vir u almal baie dankie en lank lewe Tak Noord-Transvaal en saam met hom on blad Teenspanning!

Charles ZS6CZ Voorsitter

The largest diamond ever found is not on Earth, but faraway across the galaxy. It's the burned out corpse of a star named BPM 37093 only about 50 lightyears away from Earth in the region of the sky we refer to as the constellation Centaurus.

The white dwarf star is a chunk of crystalized carbon that weighs 5 million trillion trillion pounds. That would equal a diamond of 10 billion trillion trillion carats.

Lucy. After it was discovered in 2004, astronomers nicknamed the space diamond Lucy after the Beatles song Lucy In The Sky With Diamonds. [BEATLES IN WIKIPEDIA](#) »

Lucy, also known as BPM 37093 and V*886 Cen, is the 886th variable star in the constellation Centaurus. Star of Africa. By comparison, the largest such precious stones on Earth are the 545-carat Golden Jubilee Diamond and the 530-carat Great Star of Africa.

The Golden Jubilee Diamond was found in 1985 and is in Thailand's Royal Palace as part of the crown jewels. The Great Star of Africa was found in 1905 and is in the Tower of London as part of the Crown Jewels of England.

White dwarf. A white dwarf is the hot cinder left behind when a star uses up its nuclear fuel and dies. It is made mostly of carbon and oxygen, and surrounded by a thin layer of hydrogen and helium gases. The Sun's diameter is 870,000 miles (1.4 million km). Lucy is tiny at a mere 2,500 miles (4,000 km) diameter.

The Sun is 109 times the diameter of Earth. Lucy is only about 2/3rds the size of Earth. That's tiny for a star. However, Lucy's mass is about the same as our Sun. That's a lot of weight in a tiny ball.

While Lucy is a dead star now, it used to shine like our Sun. Lucy is very dim now, shining with only 1/2000th of the Sun's visual brightness.

Lightyear

Lucy is about 50 lightyears away from Earth.

A lightyear is the distance light travels through space in one year. One lightyear is about 5.87 trillion miles or 9.46 trillion kilometers.

More about time »

What is Lucy? Lucy is the most massive pulsating white dwarf currently known. Like other white dwarfs, Lucy probably is composed mostly of carbon and oxygen created by the past thermonuclear fusion of helium nuclei.

Lucy has a very thin atmosphere of hydrogen and helium. The atmosphere of our Sun is mostly hydrogen and helium.

Astronomers say that, similarly, our Sun will deplete its nuclear fuel and die in another five billion years, and then become a white dwarf like Lucy. Then, about two billion years after that, the cinder Sun will be a similar diamond.

OTHER DYING STARS »

How do they know? Astronomers had suspected since the 1960s that the interiors of white dwarfs would be crystallized and Lucy seems to confirm that.

In its death throws, the core of a star like Lucy or our own Sun becomes exposed and slowly cools down over time. Such a star begins to pulsate when the core surface temperature drops to about 12,000 degrees. By comparison, the Sun's core temperature now is about 27,000,000°F (15,000,000°C). Its surface temperature is about 11,000°F (6,000°C).

Lucy pulsates like a giant gong. Its internal pulsations are something like seismic waves inside Earth.

Astronomers measured the pulsations to figure out Lucy's carbon interior was solidified (crystalized). Astronomers measured the pulsations hidden in Lucy's interior in the same way geologists use seismographs to measure earthquakes inside Earth.

Where to look. Lucy is not visible from Earth with the unaided eye. It must be viewed with a telescope and is best seen from Earth's Southern Hemisphere during March-June.



Laaste gedagte

Elke tree skets 'n verhaal
Van waar ons was en waarheen ons wil gaan
Soveel beloftes binne my
Maar daar's net Een wat regtig ewig bly!

Ons loop 'n pad van hartseer soms
En as ons terugkyk weet ons wat dit kos
Maar die lewe stop nie, dit gaan aan
Want ons maak staat op Sy Naam!

Met elke tree wens ek jou voorspoed
Mag elke voetspoor duidelik uitroep
Daar is 'n beter pad vir jou en my
'n Pad van lig wat na Sy troon lei ...

Die lewe deel jou net een hand
En dis die Vader wat ons vuur laat brand
Verlore tog was ek en jy,
maar terug na Hom is waar Sy liefde lei!

